



Livestock Production Animal Anatomy, Physiology and Animal Health

Handout IA

Merino Ras Standaarde

Reference: Extracted from "Die Merino Praktiese Handleiding" deur OPJ Steyn

5. STANDAARD VAN BEOORDELING
(Rasstandaarde van die Merino)

BOUVORM TIPE SKAAP			WOL TIPE WOL		
Eienskappe: (eenhede)	Punte	Punte gegee	Eienskappe (eenhede)	Punte	Punte gegee
1. Kop	10		1. Kwaliteit	10	
2. Lyf-bou	10		2. Wol-olie	10	
3. Bene	10		3. Bedekking (vag) Hoeveelheid wol	10	
4. Grootte	10		4. Pens en punte volheid van wol	10	
5. Voortreflikheid bouvorm	10		5. Voortreflikheid wol	10	
6. Voortreflikheid skaap, bouvorm en wol	10		6. Graad van skaap	10	

Om beoordeling meer konsekwent en doeltreffend te maak word die BOUVORM en die WOL volgens 'n minimum van basiese eenhede van eienskappe beoordeel. In die onderstaande beskrywing van elke eenheid van die bouvorm en van die wol word die ideaal gestel en gradering vir meriete word gebaseer op beoordeling volgens hierdie maatstaf.

5.1 BOUVORM

Tipe Skaap:

Die tipe skaap word vasgestel volgens die aantal en grootte van die kraagplooie met inagneming van die moonlike plooie of plooitjies op die lyf en agterkwart van die skaap.

Die indeling vir die tipe skaap (bouvorm tipe) volgens kraagplooie is soos volg:

- Gladde tipe - GK
- Ligte - kraagtipe - LK
- Matige - kraagtipe - MK
- Volkraagtipe (gladdelyf) - VK
- Volkraag-plooitipe - VKP
- Oorplooide tipe - OP

Hoewel daar geen puntetoekenning vir tipe skaap gemaak word nie is dit nogtans nodig om daarmee rekening te hou. Daar bestaan 'n korrelasie tussen tipe skaap en wolproduksie wat met beoordeling en die klas of gradering van skape in ag geneem word.

Verder sal tipe ook 'n rol speel in die bestuur van die kudde met betrekking tot voeding, weidingstoestande en gesondheid.

Die bouvorm word hoofsaaklik volgens vier eenhede beoordeel nl:

1. Kop
2. Lyf-bou
3. Bene
4. Grootte

Die samevatting van hierdie vier eenhede gee 'n redelike volledige beeld van die gehele bouvorm. Die ideaal is 'n skaap met voldoende grootte vir sy ouderdom, goed saamgestelde bouvorm en 'n sterk konstitusie.

1. Kop

'n Sterk, goed gevormde kop, met 'n oop gesig, dit is sonder oormatige wangplooie, wol of vlekke, groot helder oë, 'n sterk bek, met goedpassende kakebene, is die ideaal. 'n Raskenmerk is dat die gesig bedek sal wees met kort gladde sagte haartjies en vry van steekhaar (kemp) en vlekke.

'n Sterk goed gevormde kop is 'n aanduiding van konstitusie en goeie teelt.

Horinge van ramme moet amberkleurig, massief, driekantig en geriffeld wees en redelik wyd langsaa die kop draai.

Prulfoute:

- (i) Kort of lang onderkaak.
- (ii) Tande:
 - los tande
 - tande wat vorentoe uitsteek of agtertoe lê
- (iii) Wolgesig
- (iv) Wangplooie
- (v) Bruin of swart hare op horingknoppe
- (vi) Bruin of swart hare op nie-woldraende dele van kop
- (vii) Bruin of swart pigment op nie-veseldraende dele
- (viii) Skewe bek
- (ix) Dubbele ry tande
- (x) Kemp

- (xi) Ingerolde ooglede
- (xii) Horings wat vas teen kop draai by ramme.
- (xiii) Horingknop groter as 30mm by basis van horing in die geval van poenskop Merino's

((i)-(viii) is foute waarvan die graad van intensiteit 'n prulfaktor is)
 ((ix) - (xiii) word as definitiewe prulfoute beskou)

2. Lyf-bou

Hierdie eenheid is die samestelling van die lyfstuk insluitende die nek, voorlyf, midde-stel en agterkwart van die skaap. Die lyf van die Merinoskaap moet simmetries en goed aanmekaar gesit wees. Die nek moet sterk gevorm wees en goed aansluit aan die voorlyf.

Die lyf moet lank, breed en diep wees. 'n Lang lyf met 'n redelike reguit bolyf, oor die skof, rug en kruis is belangrik.

Simmetriese korrektheid van die verskillende dele tot die lengte van die lyf word beoordeel. 'n Skaap met 'n lang lyf wat goed saamgestel is, is dus meer verkieslik as 'n skaap met 'n kort lyf wat feitlik perfek simmetries saamgestel is. Lengte van lyf is 'n basiese eienskap in die beoordeling van lyfbou. **Die samestelling van die lyf van die Merinoskaap beïnvloed die algemene voorkoms en is die beste uiterlike aanduiding van konstitusie.**

Met die beoordeling van hierdie eenheid moet deeglik rekening gehou word met die kondisie van die skaap. Daar moet meer toegeeflik opgetree word met skape in swak kondisie soos veral dikwels die geval met lammerooie of ramme wat swaar gebruik is, sal wees.

Prulfoute:

- (i) U-nek
- (ii) Nou bors
- (iii) Duiwelsgreep
- (iv) Los skouers
- (v) Skerp skof
- (vi) Hol rug
- (vii) Hangkruis
- (viii) Reproduksie foute:
 - (a) Atrofie
 - (b) Hypoplasie
 - (c) Ingeduikte spene
 - (d) Een of geen teelballe
 - (e) Enige aansteeklike besmetting van teelorgane.

(f) Abnormale langskrotum

((i) - (vii) is foute waarvan die graad van intensiteit 'n prulfaktor is)
((viii) word as definitiewe prulfoute beskou)

3. Bene

Voor- en agterbene en die klougewrigte word in aanmerking geneem. Afgesien van 'n swakheid in die vorm van die voorbene, word die wydte tussen die voorbene meestal bepaal deur die breedte van die borskas. Ernstige swakhede kom hoofsaaklik in die vorm van die agterbene voor, veral wat hakke betref. In plaas van dat die agterbene redelik reguit gevorm en wyd van mekaar staan is daar 'n sterk neiging dat die hakke na binne buig (X-hakke) of dat die agterbene vanaf die hakke te veel na vore buig (Sekel-hakke)

Beweeglikheid by die diere onder die verskillende ekstensiewe boerderytoestande in ons land is belangrik. **Daarom is dit wenslik dat 'n dier "vierkantig" op sy pote sal staan, dit wil sê die bene moet sterk, reguit en wyd van mekaar geplaas wees.**

Prulfoute:

- (i) X-voorbene en of X-hakke
- (ii) Sekel-hakke
- (iii) O-hakke (te veel na buite)
- (iv) Regop-hakke
- (v) Bakbene
- (vi) In- en uitswaai voorbene
- (vii) Swak kootgewrigte
- (viii) Gesplete hoewe
- (ix) Bruin of swart kloue
- (x) Bruin of swart hare op bene (Sandy legs)

((i) - (ix) is foute waarvan die graad van intensiteit 'n prulfaktor is)
((x) is 'n definitiewe prulfout)

4. Grootte

Hierdie eienskap is nie slegs belangrik vir vleisproduksie nie, maar speel ook 'n belangrike rol by wolproduksie. Dit word beoordeel volgens mate van die raamwerk te wete lengte, breedte en diepte van lyf. Van hierdie drie, is lengte van lyf die belangrikste faktor. Massa van die skaap is nie altyd 'n getroue weergawe van grootte nie omdat die kondisie van die skaap 'n groot rol speel. Grootte is wel 'n teelfaktor maar voeding van die groeiende dier is 'n belangrike aspek in die verkryging van die gewenste grootte van die skaap. Dié eienskap word altyd beoordeel met inagneming van die kondisie en die

ouderdom van die skaap. 'n Voldoende groot raamwerk vir die ouderdom word verlang met lengte van lyf as die basiese eienskap in die beoordeling van grootte.

Die tabelle van gemiddelde massa vir volwasse skape (kort na skeer) hieronder kan as leidraad dien in die vasstelling van die verskillende grade van grootte

Gemiddelde massa vir volwasse skape (kg)

GRADE	MASSA	KG	PUNTE
	RAMME	OOIE	
Uitstaande	100 en oor	60 en oor	10
Baie goed	90-100	50-60	8
Goed	80-90	40-50	6
Redelik	70-80	35-40	4
Swak	Onder 70	Onder 35	0

Prulfoute:

- (i) Te klein vir ouderdom

5. Voortreflikheid - bouvorm

Is in werklikheid 'n opsomming (nie die gemiddelde nie) van die toegekende punte vir die eenhede om die graad van verdienstelikheid of bruikbaarheid van die bouvorm as geheel te bepaal. Enige swakheid in 'n eenheid sal die waardebeoordeling of graad van voortreflikheid beïnvloed. Grootte is die basiese faktor in die bepaling van bouvorm voortreflikheid.

Daar moet egter op gelet word dat, hoewel die eenhede in noue verband met mekaar staan, elke eenheid in teelt tot 'n mate as 'n afsonderlike faktor beskou moet word, en dat 'n hoër graad van verdienstelikheid in een faktor dus nie as vergoedend vir die lae waarde van 'n ander gereken kan word nie.

LIGGAAMSDELE MET BOUVORMEENHEDE VAN DIE MERINO

